**Dinsdag 1 Oktober**

| Skrifgedeelte: Psalm 51 | Fokusgedeelte: Psalm 51:3, 12 (1933/53-vertaling) |
|---|---|

## Wedergeboorte – ’n ingrype deur die lewende God

Die profeet Natan word gestuur sodat die Here vir Dawid sy sonde van egbreuk en moord aan die lig kan bring. Dawid se kindjie wat hy by Batseba verwek het, gaan hierna dood. Dit is in hierdie tyd wat Dawid Psalm 51 skryf.

“Wees my genadig, o God! ...” (vs 3). Dit voel vir Dawid of sy sonde in sy geheue ingebrand is. In die Psalm beskryf hy dat hy onrein is soos ’n melaatse. Die Here moet hom reinig, soos die priesters van Levitikus 14. Die Here is sy Priester! “Skep vir my ’n rein hart, o God, en gee opnuut in my binneste ’n vaste gees”, bid Dawid verder in vers 12. Hy vra dat die Here sal ingryp om hom heeltemaal te herskep – hy moet nuutgemaak word. Die Here is sy Geneesheer! Sy siel voel so beskadig deur die sonde; so verniel deur al sy oortredinge, soos ’n ou meubelstuk wat onbruikbaar geword het. Dit voel vir hom asof hy maar weggegooi kan word. Tog bid hy dat die Here sy gees sal restoureer – die lewende God moet ingryp, herskep, herstel! Dawid erken sy verlossing lê buite Homself.

Jy het ook sonde wat ingebrand is in jou geheue. Jy sien dit gereeld voor jou. Dit het jou siel beskadig. Dalk voel jy sonde het jou so verniel dat jy maar weggegooi kan word. Ek wil nie vir jou sê dat jou sonde kleiner is as wat jy dink nie. Dit is ernstig, dit is groot en dit is dodelik. Wat die Here wel deur Psalm 51 vir jou sê, is: Daar is ’n Priester, ’n Geneesheer en ’n Restoureerder. Daar is reiniging in Christus ons Hoëpriester en herstel in die Heilige Gees. Die Hemeldokter herskep jou. Verlossing lê buite jouself in Christus. As jy in Hom glo, het die Here alreeds sy hartoorplanting in jou begin!

Bid saam met Dawid vandag Psalm 51:3, 12.

*Sing: Psalm 51-1:1, 4, 5*

*Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)*